**BYLAAG C: AKKOMMODERING VAN GODSDIENSTIGE EN/OF KULTURELE GEBRUIKE EN AFWYKING VAN SKOOLREËLS**

1. **Doel**
   1.1. Hierdie beleid stel die proses uiteen waarvolgens leerders aansoek kan doen om redelike akkommodering van godsdienstige en/of kulturele praktyke of om afwyking van bestaande skoolreëls wat in konflik mag wees met die leerder se geloofsoortuigings of kulturele gebruike.
   1.2. Die beleid is in ooreenstemming met die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika en toepaslike wetgewing.

2. **Beginsels**
   2.1. Die skool erken en respekteer die reg van elke leerder om sy of haar godsdiens en/of kultuur vrylik uit te leef.
   2.2. Waar hierdie regte redelikerwys in konflik kom met die bepalings van die skool se gedragskode of enige reël, kan ’n leerder ’n versoek rig om akkommodering of afwyking.
   2.3. Alle aansoeke sal met billikheid, respek en erns oorweeg word.

3. **Prosedure vir Aansoek**
   3.1. Die volgende proses moet gevolg word om ’n afwyking of akkommodering aan te vra:
      3.1.1. Die leerder, bygestaan deur sy of haar ouer(s), moet skriftelik aansoek doen tot die skool se beheerliggaam vir ’n redelike afwyking van enige standaard skoolreël indien sodanige reël in konflik is met die leerder se godsdienstige of kulturele regte.
      3.1.2. Die aansoek moet die volgende besonderhede bevat:
         3.1.2.1. ’n Redelike interpretasie van die godsdienstige en/of tradisionele regte wat volgens die leerder en sy ouers deur ’n reël in die gedragskode ingeperk word;
         3.1.2.2. n Voorstel van hoe die reël geakkommodeer of aangepas kan word sonder om die dissipline of die doelgerigte aard van die skoolomgewing te benadeel;
         3.1.2.3. Die spesifieke reël of reëls in die gedragskode wat inbreuk maak op die leerder se regte;
         3.1.2.4. ’n Brief van ’n erkende godsdienstige of tradisionele leier wat die volgende bevestig:
            3.1.2.4.1. Die bestaan van die betrokke praktyk, gedrag of verpligting;
            3.1.2.4.2. Of die praktyk of gedrag vrywillig of verpligtend van aard is;

3.1.2.4.3. Of die gemeenskap van mening is dat die praktyk 'n afwyking van skoolreëls regverdig;

3.1.2.4.4. Dat die leerder tot die betrokke geloofs- of kultuurgemeenskap behoort en aktief aan sodanige praktyke deelneem.

**4. Oorweging van Aansoeke**

4.1. By ontvangs van 'n skriftelike aansoek sal die skool se beheerliggaam die versoek met die nodige erns oorweeg, met inagneming van:

4.1.1. Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika;

4.1.2. Toepaslike wetgewing en beleidsdokumente;

4.1.3. Betrokke hofuitsprake en regsriglyne;

4.1.4. Of die betrokke praktyk of gedrag vrywillig of verpligtend is;

4.1.5. Of die betrokke geloofs- of kultuurgemeenskap van mening is dat die praktyk 'n vrystelling van skoolreëls regverdig;

4.1.6. Die omvang van die versoekte afwyking of akkommodering;

4.1.7. Die moontlike impak van die toestaan van die versoek op die skool se vermoë om 'n gedissiplineerde en doelgerigte omgewing te handhaaf.

**5. Kennisgewing van Besluit**

5.1. Die beheerliggaam sal die leerder en sy ouers binne 14 dae na ontvangs van die volledige aansoek skriftelik in kennis stel van die besluit, tesame met enige voorwaardes of beperkings wat van toepassing mag wees.

5.2. In die geval van weiering sal skriftelike redes verskaf word;

5.3. 'n Leerder, of die ouer van 'n leerder, wat vrystelling geweier is kan binne 14 dae na ontvangs van die kennisgewing van die besluit, by die Departementshoof appèl aanteken teen die besluit van die beheerliggaam;

5.4. Die Departementshoof moet, na oorweging van beide partye se redes weiering en tot appèl, sy besluit in die verband bekend maak aan beide partye en skriftelike redes vir sy besluit verskaf.